

31 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8
Fokusgedeelte: Openbaring 21:5 (1983-vertaling)

Oorwin om deel te hê aan God se nuwe begin

“Kyk, Ek maak alles nuut.” Dit sal met die wederkoms gebeur. God het in die verlede ook met tye weer nuut begin, byvoorbeeld met die skepping, die moederbelofte ná die sondeval, die verbondsluiting met Abraham, met die volk Israel ná die ballingskap, met die koms van Jesus Christus op aarde. Nou begin God weer nuut aan die einde van die tye. Die ou dinge gaan verby. Dit is net nie meer goed genoeg nie.

God begin nuut deur hemel en aarde nuut te maak en ook sy verbond met sy kinders te vernuwe. Twee keer hoor ons verbondstaal, in verse 3 en 7. Hy sal dan op 'n besonder intieme manier vir ewig by sy uitverkorenes wees en hulle sal sy volk, sy kinders wees.

Dit gaan 'n ingrypende en omvattende vernuwing wees, 'n kwalitatiewe en waardeveranderende vernuwing. Dit gaan al Christus se verlossingswerk insluit. Sekere dinge gaan daarbuite val, soos die goddelose mense (die see wat nie meer daar sal wees nie), asook die sonde en gevolge daarvan (die dood, leed, smart en pyne wat nie meer daar sal wees nie).

Elke gelowige sal dit as so 'n besondere vernuwing ervaar, omdat God self dan in al sy genade by ons sal kom woon (letterlik tabernakel sal opslaan), ons sy genoegsame vertroosting sal kry (al die tranes word afdroog) en Hy al ons behoeftes ten volle sal versadig (laat drink uit die fontein van lewende water).

Die Here verwag van ons om te oorwin sodat ons deel kan kry aan God se nuwe begin: “Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry ...”

Dit vra harde stryd in die geloof om bevoordeel te word as God nuut begin. Dit geld vir die nuwe begin eendag as Hy weer kom, maar dit geld ook vir die nuwe jaar wat voorlê en die nuwe begin waarmee die Here ook nou onder ons as Gereformeerde Kerke besig is.

Sing: Skrifberyming 18-1:1, 5, 6

Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)